

Skrifgesag: Manuskripte en Bybelvertaling

Dr. Jeanette Erasmus



Die aanslag op die Woord van God deur die eeue en op die gesag van die Woord van God het al in die tuin van Eden begin toe die Satan teenoor Eva dit bevraagteken het met: "Is dit so dat God gesê het ...?" So het Satan ook nie sy vingers uit Bybelvertaling uitgehou nie. Die navorsing hieroor wat oor 'n tydperk van 7 jaar gestrek het, het uiteindelik neerslag gevind in die boek ***Skrifgesag: Manuskripte en Bybelvertaling***.

Vrae soos: In hoeverre geld bybelse norme nog in die bepaling van die beste manuskripte en die vertaalmetode? Word Skrifgesag in die proses van vertaling nog erken? Die studiestuk het talle illustrasies, kaarte en skemas om die materiaal toe te lig. Dit word in 2 boeke verdeel omdat dit te lywig vir een band is. Die

eerste deel het reeds in 2005 verskyn en die tweede deel verskyn in 2008.

Deel 1. Die eerste boek handel oor (472 bladsye):

- Hoofstuk 1: Manuskripte: Hebreeuse en Griekse asook Vroeë Vertalings
 - Hoofstuk 2: Die geskiedenis van die Ketterse lyn en die Geskiedenis van die bewaring van die ware Woord.
 - Hoofstuk 3: Vergelyking van Bybelverse: Godheid van Christus aangetas, Komende Messias: Profesieë en vervulling en Bewys van God se Drie-eenheid weggelaat
 - Hoofstuk 4: Die Roomse Aanslag en die Nie-Roomse Aanslag
 - Hoofstuk 5: Desiderius Erasmus - Reformatoriese teks; Westcott & Hort - kritiese teks; Die twee vergelyk.
 - Hoofstuk 6: Geskiedkundige gang van die Bybelkritiek. Wat is Bybelkritiek? Vertaalmetode, Vertaling van die Name van God en Kontekstualisering
- Indeks van Deel 1.

Deel 2: Die Tweede boek handel oor (± 560 bladsye):

Hoofstuk 7: United Bible Societies; Trinitarian Bible Society; Gereformeerde Bijbelstichting; Wycliffe Bible Translators; Hodges-Farstad Majority Greek New Testament.

Hoofstuk 8: Verskillende Reformatoriese en Modernistiese vertalings bespreek.

Hoofstuk 9: Bybelverse en -gedeeltes: Verbondskarakter van die Skrif aangetas; Die Wet; "Die Onse Vader"; Vergelyking van ander verse met o.a. okkultiese uitsprake.

Hoofstuk 10: Aanslae op God, Sy Woord en Sy kinders.

Hoofstuk 11: Slot: Die geloof as vertrekpunt, die Bewaring van God se Woorde volgens Sy belofte; Finale beoordeling, Samevatting en Gevolgtrekking.

Bylae: A: Nuwe Psalm-omdigting.

B: Ontleding en gevolgtrekking van vraelyste aan predikante en bybelvertalers.

C: Tabela, vergelyking tussen verse van verskillende vertalings.

D: Verband tussen verskillende organisasies, hul lede en Westcott en Hort.

Woordelys

Bronnelys.

Indeks van Deel 2.

Bestelvorm

Die prys van die stel, Deel 1 + Deel 2 (=2 boeke) is R500 plus heersende posgeld en verpakking
(Die prys van halwe stel (1 boek bv. net deel 1) R250 plus pos en verpakking)

Bestel by: Bewaar My Woord, **Tel.** 053 207 0134
Posbus 13, **Sel.** 082 782 2985
Orania 8752. Tel.

Naam

Adres

..... Poskode.....

Telefoonnommer/s e-pos.....

Aantal stelle

Bedrag oorbetaal..... Datum.....

Bankbesonderhede: ABSA, tak Hopetown, Rekening naam: J C Erasmus, Rek. nr.: 919 497 1233

**Aanbeveling van prof. L. Floor, emeritus prof. van Hammanskraal en
Potchefstroomse Teologiese Skole van die GKSA:**

Die omvangryke dokument wat mev. J.C. Erasmus die lig wil laat sien, is 'n indringende studie oor die gebruik van manuskripte met die doel om daarvolgens die Bybel uit die grondtale te vertaal. Omdat ek alles – en dit is baie – wat die skryfster nagevors en aan papier toevertrou het, gelees het, het sy my gevra om 'n introduksie op die boek wat gepubliseer gaan word te skryf.

Die eerste indruk wanneer die leser straks die omvangryke werk onder oë sal kry, mag wees dat ons hier te doen het met tekskritiese navorsing. Inderdaad kom heelwat tekskritiese probleme in haar boek aan die orde. En haar navorsing oor die jare heen het wel tekskritiek as objek, omdat die skryfster nagegaan het hoe in die loop van die geskiedenis tekste van die Bybel geëvalueer is en watter tekste bepaalde Bybelvertalings ten grondslag lê. Maar sy het die tekste as sodanig nie gaan weeg en tel nie.

Hoewel daar in die studie ook aandag aan verskillende Bybelvertalings gegee word, het die skryfster dit tereg vermy om die vertalings taalkundig, stilisties en linguïsties te evalueer. Daarom beweeg die skryfster nie op die terrein van epistolografie, tekskritiek, stilistiek en eksegeese nie. Sy is op daardie terrein volgens haar eie getuienis nie deskundig nie. Dit alles lê op die terrein van die tekskritiek as teologiese wetenskap. Die doelstelling van die outeur van die boek wat hier aangekondig word, is 'n andere. Haar studie wys uit dat sy vanuit 'n totaal ander gesigshoek die probleem van tekskeuse en teksgebruik by Bybelvertaling en evaluering van die Bybelvertalings benader het.

Haar studie moet gesien word as 'n studie wat deur en deur op die terrein van die geskiedenis beweeg. Die skryfster gaan daarby nie van 'n bloot neutrale, objektiewe geskiedenisbeskouing uit nie. Sy hanteer 'n Christelike visie op die geskiedenis in die lyn van die bekende historikus uit die 19de eeu dr. Groen van Pinsterer.

Mev. Erasmus het nie in die slaggat geval deur wetenskap teenoor geloof te plaas nie. Sy het in navolging van prof. dr. S. Greijdanus geloofswetenskap teenoor ongeloofswetenskap geplaas. Vanuit hierdie geloofsoortuiging met betrekking tot die wetenskap en die geskiedenis het sy hierdie historiese navorsing gedoen.

Die opmerklike resultate van hierdie navorsing is haar studie oor Desiderius Erasmus, die evaluering van die sg. Westcott-Hort-tekste en haar vergelyking tussen Erasmus en sy opponente Westcott en Hort.

Die magdom onderwerpe wat almal in verband staan met Bybelvertaling en die regte teks wat daarby volgens haar oortuiging gebruik moet word, kom in hierdie boek: *Skryfgesag: Manuskripte en Bybelvertaling*, aan die orde.

Wanneer gevra word: wat besiel die skryfster om so 'n uitgebreide studie op die boekrak te bring? Dan vind ons die antwoord in art.3 van die Nederlandse Geloofsbelydenis waar gespreek word van "God se besondere sorg vir ons saligheid" met betrekking tot die te boekstelling van Sy Heilige Woord. Daardie besondere sorg v van God – ook in die geskiedenis van Bybelvertaling – wil die skryfster in haar boek beklemtoon.

Prof. L Floor

Aanbeveling van Ds. Hennie de Villiers, Geref. kerk Pretoria (Paul Krugerkerk):

Met hierdie werk lewer die outeur 'n belangrike bydrae in die geskiedenis van teksnavorsing, deur uit te wys hoe Westcott en Hort aan die einde van die 19de eeu 'n keerpunt in manuskrip-beoordeling gebring het, met 'n eie agenda. Met 'n kosbare biblioteek vol oorspronklike werke vermy sy die gevaar van blote napatery, en kan met stelligheid die hooflyne oor die teksnavorsing wat deur haar boek loop, bewys.

Sy weerlê verskeie algemene aannames in die geskiedenisveld as: gelowe sonder wetenskaplike gronde. Enkele sake is o.a.:

- Waarom word Origenes vandag as "kerkvader" aangeprys, terwyl die Sinode van Konstantinopel hom in 555 n.C. 'n ketter verklaar het?
- Nog 'n "waarom" wat beantwoord word, is die feit dat Desiderius Erasmus as: aarts-humanis" afgemaak en sy kosbare werk met leuens onder verdenking gebring word. Het hy net "so vier of vyf" manuskripte gebruik vir die opstel van die Griekse Nuwe Testament?
- Was John William Burgon, wat ongetwyfeld die meeste NT manuskripte ontdek en bestudeer het, werklik so onwetenskaplik soos kritici beweer?
- Is die minderheidteks (Alexandrynse) wat vir hedendaagse Bybelvertaling verkies word, werklik betroubaarder as die Meerderheidteks (Bisantynse)? Prof. J. van Bruggen sê in "Tekst van het Nieuwe Testament" dat dit merkwaardig is dat die moderne tekskritiek ruimte bied vir alle soort soekers en twyfelaars, maar diegene wat teruggryp na 'n vorige sekerheid (van die Bisantynse teks) as afvallig diskwalifiseer. Hy merk ook op dat kritiese ondersoek van die Bisantynse teks aantoon dat die verwerping daarvan eenvoudig aanvaar word, maar die stelling nie verdedig (kan) word nie.
- Hoe geldig is die reëls vir tekskritiek soos dit vandag geleer en beoefen word? Word bybelse norme daarin erken? Is dit bo verdenking?

Dit, en nog talle ander belangrike vrae, word uitvoerig in hierdie boek nagevors, om te kom by die antwoord waarom die minderheids teks ten onregte kritikloos aanvaar word. Die gevolgtrekking wat bereik word is ontstellend, en verder van groot belang vir regsinnige Bybelvertaling in die toekoms.

Hierdie boek is 'n MOET en 'n belangrike en kosbare bydrae oor die geskiedenis van teksnavorsing in Afrikaans.

Ds. H.T. de Villiers